**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 2**

**JUNIE 2017**

**EKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 70**

**TYD : 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit *14* bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Lees versigtig deur al die instruksies voordat jy die vrae beantwoord.

*2.* Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Roman
   AFDELING B: Gedigte

*3.* Beantwoord **AL** DIE VRAE.

   **AFDELING A: ROMAN**
   Beantwoord die vrae oor die roman, ***Lien se lankstaanskoene (Hoofstuk 1 – 18)***, wat julle bestudeer het.

   **AFDELING B: GEDIGTE**
   Beantwoord die vrae oor die volgende gedigte: ***Rondom my, Palimpses, Tien haikoes vir die Vredefortkoepel, Huiskat, Ek het 'n huisie by die see.***

***4.*** Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling versigtig.

***5.*** Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

***6.*** Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

***7.*** Voorgestelde tydsindeling: Gebruik ongeveer 60 minute per afdeling.

***8.*** Skryf netjies en leesbaar.

***STERKTE!!***

**AFDELING A: ROMAN**

***LIEN SE LANKSTAANSKOENE*** (Derick van der Walt)

Beantwoord AL die vrae.

VRAAG 1

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

***Lien hoor die wynglas se voetstuk maak "klink" op die eetblad in die kombuis.***

***Sy ken die ritueel. Yskas se deur oop. "Tjorr" word die wyn in die glas geskink. Yskas se deur toe. Vrieskas se deur oop. Ysbak kraak. "Ploinks" val die ysblokkie in die wyn. "Ploinks", nog een. Vrieskas se deur toe. Stilte. Slukkie. Behaaglike sug ...***

***Lien kyk na Braam. Hy kyk nie terug nie, sit net die televisie harder. Sy ruik iets brand in die kombuis: roereier en roosterbrood. Sy moet seker gaan help, maar sy wil nie.***

***"Kos op die tafel," roep 'n stem loom vanuit die kombuis.***

***Braam sit die televisie weer sagter en staan op. Lien weet hy is gewoonlik teen dié tyd rasend van die honger. Sy volg traag.***

***Die pan roereier staan in die middel van die eetblad. Langsaan is 'n hopie halfverbrande roosterbrood en die oopgesnyde blik boontjies in tamatiesous wat hulle gisteraand net halfpad geëet het. Braam trek 'n kroegstoeltjie nader en val gulsig weg.***

***Hulle ma leun met haar neus teen die venster en staar deur die kantgordyn na die paar liggies onder in die dal wat hulle skrams deur die woonstel se kombuisvenster kan sien.***

***"Het ons nie 'n wonderlike view nie?" sug haar ma geel en gelukkig. Oor die CD-spelertjie in die hoek blêr 'n vioolkonsert wat dooie mense in hulle grafte sal laat regop sit.***

***Lien draai die CD-spelertjie sagter. Haar eetlus is daarmee heen.***

***Sy maak die yskas oop. Die wyndoos is die centrepiece. 'n Stukkie kaas, twee Tupperware-bakkies met iets onbekends in, drie tamaties, 'n halfleë Rama-bakkie en 'n sakkie melk is die somtotaal van die inhoud. Sy gaan sit by Braam.***

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Lien ken haar ma se ritueel van wyn skink. Wat sê dit vir ons van haar ma? | 1 |
| 1.2 | Hoe hanteer Braam die situasie wanneer hy hoor sy ma skink vir haar wyn? | 1 |
| 1.3 | Gee een bewys dat Lien en Braam se ma nie vir hulle sorg nie. Jy mag nie sê sy is dronk nie. | 1 |
| 1.4 | Beskryf die uitsig wat Lien-hulle vanuit hulle woonstelvenster het. | 1 |
| 1.5 | Hoekom word daar gesê dat Lien se ma "geel en gelukkig" is? | 2 |
| 1.6 | Lien se ma het nie saam met hulle geëet nie. Watter ander takie het sy nie vir Braam gedoen nie, wat Lien moes doen? | 1 |
| 1.7 | ***"Haar ma sal waarskynlik môre weer nie by die werk uitkom nie."*** | |
| | Wat is die implikasie hiervan vir hierdie gesin? | 1 |
| 1.8 | Vir wie "haat" Lien? | 1 |
| 1.9 | Wie is "Norah Jones"? | 1 |
| 1.10 | Hoekom het Lien en Wouter sulke goeie maats geword? | 1 |
| 1.11 | ***"Lien is kwaad vir die wêreld."*** | |
| | Stem jy saam met bogenoemde stelling? Bewys jou antwoord met 'n voorbeeld uit die verhaal. | 1 |
| 1.12 | Lien wou in die goeie ou dae 'n prokureur na skool word. Wat wil sy nou eerder doen? | 1 |
| 1.13 | Gee die name van die twee plekke waar Lien gewerk het om geld te verdien. | 2 |
| 1.14 | Watter bynaam het Lien vir die predikant wat hulle besoek het, gegee? | 1 |
| 1.15 | Hoekom dink jy het die predikant vir Lien-hulle besoek? | 1 |

[17]

***Sy gaan sit by die rekenaar verste van meneer Visagie se nuuskierige oë, maar na genoeg aan die drukker dat sy nie hoef op te staan om haar uitdrukke te gaan haal nie.***

***Sy tik vir 'n rukkie en kyk lank na die boodskap op die skerm. Sy verander 'n paar maal daaraan voordat sy tevrede is.***

***Die seuntjie met die draadjies aan sy tande wat laas iets oor Napoleon gesoek het, kom sit langs haar. Lien kyk geïrriteerd na die mannetjie, wat nuuskierig na haar skerm loer.***

***"Skoert," sê sy terwyl sy die skerm afdraai sodat hy nie kan sien wat sy getik het nie.***

***"Julle het ook nie Internet by die huis nie," sê hy terwyl hy aan sy gesig krap. "My pa sê ons ..."***

***Lien val hom vinnig in die rede. "Gaan sit daar anderkant. Ek wil nie gepla wees nie."***

***"Oukei, oukei," sê die agie en skuif na die rekenaar heel links. Sy sien hy hou haar onderlangs dop terwyl hy 'n adres op Google intik. Sy gee hom 'n vuil kyk. Sy sal moet klaar maak. Die ander kinders gaan nou enige tyd begin opdaag. Haar boodskap sal moet doen. Sy druk die Print-knoppie en hou haar hand by die drukker, sodat sy haar uitdrukke dadelik kan kry voordat Agie dit dalk kan lees.***

***Sy kyk krities na die vier bladsye. Dis effens skeef, want die papier was seker nie reguit in die drukker nie, en sy sal dit met 'n skêr by die huis moet reguit sny. Daar is nie tyd om dit oor te doen nie. Sy moet nog vir juffrou Breytenbach voorkeer.***

1.16 Wat het Lien in die biblioteek getik en uitgedruk? 1

1.17 Wie was die "Twee afhanklikes" na wie sy op haar getikte boodskap verwys? 2

1.18 Hoekom noem Lien die seuntjie in die biblioteek, "Agie"? 1

1.19 Watter twee dinge wou sy by juffrou Breytenbach leen? 2

1.20 Hoekom het Lien so skuldig gevoel toe die eerste persoon vir haar 'n muntstuk gegee het? 1

1.21 Hoekom het die krom vroutjie vir Lien weggejaag daar waar sy gestaan het? 1

1.22 Pas die beskrywing in KOLOM B by die persone in KOLOM A. Skryf slegs die nommer en die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.22.1 Lien | A. Kyk graag videos van die goeie ou dae |
| 1.22.2 Rose | B. Vermaak die mense met dinge wat hy sê en 'n Bloubul pet. |
| 1.22.3 Tibbey | C. Het 'n dogter en drie kleinkinders. |
| 1.22.4 Braam | D. Maak nou meer geld as met 'n normale werk. |

4

1.23 Wat het Rose vir Lien gesê moet sy doen om te kan oorleef? Noem 2 dinge. 2

1.24 Waar woon Tibbey? 1

1.25 Lien lei nou twee verskillende lewens. Verduidelik deur die twee lewens te beskryf. 2

1.26 Hoekom herken niemand vir Lien wanneer sy op die straathoek staan en bedel nie? 1

[18]

**TOTAAL VIR AFDELING A: [35]**

**AFDELING B: GEDIGTE**

**UIT: *VERSKUNS vir Eerste Addisionele Taal* - Riens Vosloo**

**Lees elke keer die gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

VRAAG 2

2.1 Rondom my (Dawie de Jager)



## Rondom my

Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer
want die haastigheid in my
het my al veels te veel keer
ondergekry
my ondergekry.

Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer.
Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.
Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla
dinge wat jou terughou.
Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.
Kom wees net jy, kom wees net jy.

As jy wil tyd vat hierdie keer
kom vat ‘n rukkie hier by my
As jy tyd wil vat
kom wees hier rondom my
kom wees hier rondom my
net as jy wil ...
net as jy wil.

**(Uit: *vonk@verse 1*. Best books, 2011)**

2.1.1 a. Waarmee sê die spreker in strofe 1, moet hy sy tyd vat? 1

b. Hoekom voel die spreker hy *moet* sy tyd vat? 1

2.1.2 Hierdie tipe gedig word 'n liriek genoem. Gee een kenmerk van 'n liriek. 1

2.1.3 Die digter, Dawie de Jager, het hierdie liedjie vir sy nooi geskryf.

a. Aan watter Afrikaanse musiekgroep behoort Dawie? 1

b. Wat is sy bynaam in hierdie groep? 1

2.1.4 "Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë"

Kies die antwoord wat die sin korrek voltooi. Skryf net die nommer en letter neer.

Die "blou" verwys na ___

A. die meisie se blou oë.
B. die blou lug.
C. die meisie wat depressief/hartseer voel.
D. A en C. 1

2.1.5 Wat sê die spreker moet sy nooi in strofe 3 doen? 1

2.1.6 a. Wat word die stylfiguur in versreël 19 genoem? 1

b. Hoekom word juis hiérdie stylfiguur gebruik? 1

2.1.7 Wat is die boodskap van hierdie gedig? 1
[10]

2.2 Palimpses (Johann de Lange)

**Palimpses**

Bome skryf teen die blou
kreukellose lug dinge
wat niemand verstaan nie.
Houtkappers kom met byle
en vel die bome.
Meulens saag en maal
en pulp en plet die hout.
Stil is die bome:

stil, net tot hy kletterend
met sy tikmasjien
uit selfs die fynste grein
die hele gamma van woord
en pyn ring op ring
deur hierdie oggend laat dein.

(Uit: *vonk@verse 2.* Best Books, 2011)

2.2.1 Verduidelik wat die woord, "palimpses" beteken. 1

2.2.2 Gee een woord wat strofe 1 sal beskryf en een woord wat strofe 2 sal beskryf. 2

2.2.3 Wie se werk is dit om die bome af te kap? 1

2.2.4 Haal 'n sinoniem uit die gedig aan vir "bome afkap". 1

2.2.5 Pas die aanhaling in KOLOM B by die stylfiguur/beeldspraak in KOLOM A. Skryf slegs die nommer en letter van jou antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1. Inversie | A. "Bome skryf teen die blou lug" |
| 2. Polisindeton | B. "stil, net toe hy kletterend" |
| 3. Onomatopee | C. "stil is die bome" |
| 4. Personifikasie | D. "saag en maal en pulp en plet" |

4

2.2.6 Waarna verwys versreëls 12 en 13? 1

[10]

2.3 Tien haikoes vir die Vredefortkoepel (Hans du Plessis)

Tien haikoes vir dieVredefortkoepel

**Meteoriet**
Deur die donker klief
’n klipvuis en klap lewe
uit die aarde uit.

**Wind**
’n Asem jaag oor
yslike nagte en vee
ons winternis weg.

**Water**
Jy maak so silwer
sonder droë woorde sin
wat my skoon verstom.

**Grond**
Vang reën en son in
die bakhand van jou lyf waar
lewe kliphart klop.

**Boom**
Veerlig dwarrel herfs
van kil takke los en broei
nog ’n lente uit.

**Mens**
Toe staan stof uit stof
en oorheers die aarde op
grond van sy bestaan.

**Wêrelderfenis**
En ons koepel skeur
al langs perforasies van
mens-dom middeldeur.

**Besoedeling**
Nou moet dier en duif
hees van die rook en roet vir
byl en treksaag boet.

**Dankgebed**
Heer, ons paaie lê
uitgeteer oor brûe met
water onderdeur.

**Tien**
Vuis van swael en vuur
gaan duskant ons Groot Ekskuus
weer kom asem haal.

| | |
|---|---|
| 2.3.1 Wat is 'n haikoe? Verduidelik. | 1 |
| 2.3.2 Na watter interteks verwys hierdie gedig? | 1 |
| 2.3.3 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan. | 1 |
| 2.3.4 Verduidelik die woordspeling van "yslike" in haikoe 2. | 1 |
| 2.3.5 Watter klank word gebruik om ruisende water in "Water" (haikoe 3) na te boots? | 1 |
| 2.3.6 Haal 'n voorbeeld van personifikasie uit die gedig aan. | 1 |
| 2.3.7 Verduidelik die ironie in "Mens" (haikoe 6). | 1 |
| 2.3.8 Wat voorspel haikoe 10? | 1 |
| 2.3.9 Wat is die stemming in hierdie gedig? | 1 |
| 2.3.10 Wat is die tema van hierdie gedig? | 1 |
| | [10] |

## 2.4 Huiskat (Elisabeth Eybers)

Huiskat

Die kat strek hoog op vier strak bene, buig
behaaglik om haar luiperdlies te lek,
rol om en lê fluwelig oopgevlek
dat keel en bors en buik die son kan suig.

Ons noem haar "kat" want sy is sonder siel
en anoniem. Smal skerwe van agaat
staar koud uit die driehoekige gelaat.
Arglistig, vloeibaar soos 'n blink reptiel

van los en lenig wees versadig: sy
sal nooit – die veearts het haar "reggemaak" –
ekstase en angs van lewe voortbring smaak,
sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit.
Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit
sy haar oë, kronkel by my greep verby.

(Uit: Versamelde gedigte. Human & Rousseau en Tafelberg. 1980)

2.4.1 Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.

Hierdie gedig is in die vorm van 'n **Engelse sonnet / Italiaanse sonnet geskryf**. 1

2.4.2 Die titel van die gedig is "Huiskat". Waarom is daar nie 'n lidwoord nie? 1

2.4.3 a. Waarmee word die kat in versreël 2 vergelyk? 1

b. Wat sê dit vir ons van die kat? 1

2.4.4 Waarna verwys "smal skerwe van agaat"? 1

2.4.5 **Dit is die mens se skuld dat die kat hom nie vertrou nie.** Verduidelik hierdie stelling. 1

2.4.6 Pas die beskrywings in KOLOM B by die woorde in KOLOM A. Skryf net die nommer en letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1. Enjambement | A. "oopgevlek dat keel en bors en buik die son kan suig" |
| 2. Oktaaf | B. Boots die lui bewegings van die kat na. |
| 3. Sestet | C. Agt versreëls. |
| 4. Personifikasie | D. Ses versreëls. |

4
[10]

## 2.5 <u>Ek het 'n huisie by die see</u> – H.A. Fagan

### Ek het 'n huisie by die see

Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hierbinne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is 'n rots waarop my huisie staan.

(Uit: *Soos die windjie wat suis en ander gedigte.* Nasionale Pers. 1949)

2.5.1 a. Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.

Hierdie gedig is in die vorm van 'n (**Engelse sonnet / Italiaanse sonnet)** geskryf. 1

b. Haal 'n bewys hiervan uit die laaste strofe van die gedig. 1

2.5.2 Waarom word "aaneen, aaneen" herhaal? 1

2.5.3 Van watter sintuig word in hierdie gedig gebruik gemaak? 1

2.5.4 Haal 'n voorbeeld van personifikasie uit die gedig aan. 1

2.5.5 Waarmee word die wind vergelyk? 1

2.5.6 a. Wat, in die huisie, verskaf lig? 1

b. Wat, in die huis, verskaf hitte? 1

2.5.7 Haal een woord uit strofe 2 aan wat vir ons sê die huisie is moeilik deurdringbaar. 1

2.5.8 Watter dieper betekenis hou die slot van die gedig vir ons in? 1

[10]

**TOTAAL VIR AFDELING B: 50 VERWERK [35]**

**SOMTOTAAL: [70]**